

### BEHUISINGSBEHOEFTE

Paragraaf 5.2.4 van Hoofstuk 4 van die Provinsiale Tesourie: Wes Kaap se profiel van die Weskus Distrik (2007) lei soos volg:

#### **5.2.4 Access to housing**

The demand for housing in the West Coast DM<sup>15</sup> is very large. This is a need by a community that is trapped in poverty, do not have any tenure and mostly live in informal dwellings.

This problem can be addressed by housing subsidies and housing development programmes. Currently there are only two housing projects in the whole of the West Coast. Many more programmes are needed to meet this demand and ensure that all citizens have equal access to housing. Most people in the West Coast live in formal dwellings but many do not own these dwellings.

Die opdrag behels nie enige primêre opnames om behuisingsbehoefte te bepaal nie en slegs beskikbare sekondêre bronne is dus gebruik. Behuisingsbehoefte kan in terme van verskeie kriteria bepaal word. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die volgende metodes gebruik:

- Behoeftes soos in die GOP geïdentifiseer;
- Bevolkingsyfers soos beskikbaar gestel deur Statistiek Suid-Afrika;
- Bevolkingsprojeksies soos opgestel deur die Provinsiale Tesourie;
- Die behuisingswaglyste soos bygehou deur die munisipaliteit;
- Openbare deelname werksinkels;

Na aanleiding van bovermelde is tendense onttrek om toekomstige behoeftes en bestaande agterstande te bepaal.

## 2.1 DIE GOP (GEMEENSKAPSBEHOEFTE EN PRIORITEITE)

Die behoeftes van die verskillende gemeenskappe binne die munisipale gebied, wat betref behuising en verwante infrastruktuur, soos vervat in die bestaande GOP, word in Bylae "4.2" uiteengesit. Bylae B bevat ook die resultate met betrekking tot behuising van 'n reeks werksinkels, wat gedurende November 2007 in elke wyk gehou is, om addisionele prioriteite te identifiseer met die oog op die opstel van die 2008 /2009 GOP. Hierdie dokumente spreek die basiese behoeftes asook sekere kwalitatiewe aspekte aan. Hierdie behoeftes en prioriteite kan soos volg opgesom word:

### 2.1.1 AURORA

- Opdatering van behuisingwaglys

### 2.1.2 EENDEKUIL

- Subsidies vir behuisingprojekte;
- Bouplanne teen minimale koste;
- Beskikbare grond vir laekoste behuising

### 2.1.3 PIKETBERG

- Munisipaliteit moet by DBSA (Ontwikkelingsbank van Suidelike Afrika) aansoek doen om 'n lening van R5 miljoen om huise te bou.

### 2.1.4 PORTERVILLE

- Geen behoeftes in GOP aangespreek

### 2.1.5 VELDDRIF / NOORDHOEK

- Behuising vir die middel inkomste groep (Voorsiening van grond);
- Opgradering van blok F (Noordhoek)
- "Housing to be rotated" (Dit wil sê die munisipaliteit moet projekte om die beurt in die verskillende dorpe aanpak en nie net op een dorp konsentreer nie);
- "Houses in Hopland is a danger (roof etc.)";
- Vyf jaar finansiële plan nodig vir behuising.

### 2.1.6 WITTEWATER

- Huise vir plaaswerkers.

## 2.2 STATISTIESE AGTERGROND

### 2.2.1 TIPE WONING

Die tipe woning wat deur elke gesin in die munisipale gebied bewoon is, in 2001, word in tabel 2.1 aangetoon.


Dit blyk uit bovermelde tabel asof daar in die landelike gebied [aangedui as Piketberg NU(non urban)] 'n ongewone groot aantal mense (1 507) sonder huisvesting is. Die voorlopige verklaring hiervoor is die groot aantal seisoenswerkers wat gedurende die week op die plase werk en wat naweke huis toe gaan. Hierdie verskynsel, van groot getalle seisoenswerkers op plase, skep verskeie uitdagings, soos:

- Vervoer tussen die permanente woonplek en die werkplek,
- Mense wat uit ander munisipale gebiede pendel om op die plase te werk;
- 'n Tekort aan behuising binne die munisipale gebied van Bergrivier. In terme van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) moet plaaswerkers as deel van die inwoners van die munisipaliteit beskou word en kan die landbou ontwikkeling in dorpe ondersteun. (Bron 2007 / 2008 GOP, gedateer Mei 2007, bladsy 108).

TABEL 2.1: TIPE WONING, GEOGRAFIES INGEDEEL, VOLGENS 2001 BEVOLKINGSSENSUS

	Aurora	Piketberg NU	Dwarskersbos	Eendekuil	Goedverwacht	Piketberg	Porterville	Redelinghuys	Valldrift	TOTAAL
House or brick structure on a separate stand or yard	67	4,173	158	185	359	2,049	1,277	138	1,732	10,138
Traditional dwelling/hut/structure made of traditional materials	24	162	-	-	3	25	219	12	54	499
Flat in block of flats	-	21	-	-	-	72	24	-	116	232
Town/cluster/semi-detached house (simplex; duplex; triplex)	3	175	-	-	-	34	3	6	138	368
House/flat/room in back yard	-	32	-	3	-	48	33	-	25	141
Informal dwelling/shack in back yard	-	6	-	3	9	50	44	3	81	196
Informal dwelling/shack NOT in back yard	-	15	-	-	-	9	-	-	-	24
Room/flatlet not in back yard but on shared property	-	6	-	-	-	18	22	-	9	55
Caravan or tent	-	22	-	-	-	30	3	-	12	67
Private ship/boat	-	-	-	-	-	3	-	-	6	9
Not applicable (living quarters is not housing unit)	-	1,507	3	9	-	-	32	-	18	1,569
<b>TOTAAL</b>	<b>94</b>	<b>6,119</b>	<b>161</b>	<b>200</b>	<b>371</b>	<b>2,338</b>	<b>1,657</b>	<b>158</b>	<b>2,190</b>	<b>13,288</b>

FIGUUR 2.1 FOTO'S VAN AGTERPLAAS STRUKTURE



Alhoewel daar volgens die 2001 sensus slegs 26 huise en 81 ander strukture in agterplase was, het die situasie skynbaar sedertdien verander. Heelwat strukture en selfs woonwaens is tydens 'n ter plaatse inspeksie in agterplase opgemerk. (Hierdie foto's in Porterville geneem.)

## 2.2.2 TOTALE BEVOLKING

TABEL 2.2: BEVOLKING, 2001: GEOGRAFIESE VERSPREIDING EN GESLAG

Population group by Geography by Gender for persons weighted	African (Black)		Coloured		Indian or Asian		White		TOTAL
	Male	Female	Male	Female	Male	Female	Male	Female	
	Aurora	-	-	85	89	3	-	87	
Bergrivier Non Urban	883	563	8,707	7,704	30	6	1,300	1,167	20,360
De Hoek	-	-	-	-	-	-	-	-	0
Dwarskersbos	-	6	18	12	-	-	143	156	335
Eendekuil	12	6	348	354	3	3	57	58	841
Goedverwacht	3	6	609	786	-	-	-	3	1,407
Piketberg	139	81	3,377	3,845	6	3	860	960	9,271
Porterville	33	30	2,049	2,243	3	6	665	838	5,867
Redelinghuys	9	6	159	201	-	-	117	100	592
Velddrif	318	226	2,013	2,261	9	9	1,174	1,317	7,327
<b>TOTAAL</b>	<b>1,351</b>	<b>974</b>	<b>17,442</b>	<b>17,547</b>	<b>63</b>	<b>21</b>	<b>4,298</b>	<b>4,629</b>	<b>46,325</b>

Bron: Statistiek Suid Afrika, bevolkingsensus, 2001


Dit blyk uit tabel 2.2 dat:

- Dat ongeveer 44% van die bevolking (20 360) in die landelike dele (Bergrivier non urban) van die munisipale gebied woon;
- Die grootste aantal stedelike inwoners in Piketberg (9 271), Velddrif (7 327) en Porterville (5 867) bly;
- Eendekuil (841) en Redelinghuys (592) die enigste twee ander dorpie is wat meer as 500 inwoners het.

## 2.2.3 OUDERDOMSPROFIEL

Die ouderdomsverspreiding van inwoners van die munisipale gebied word in figuur 2.2 aangedui.

FIGUUR 2.2: OUDERDOMSPREIDING IN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT



Bron: Provinsiale Tesourie: Profiel van Weskus Distrik

Uit bovermelde is die volgende bevindings gemaak:

- Kinders van 0 tot 14 jaar vorm 27,8% van die totale bevolking;
- Jeug (15 tot 34 jaar) verteenwoordig 32,9% van die bevolking, maar daar is tog 'n beduidende aantal persone tussen 25 en 29 jaar wat die munisipale gebied verlaat het, moontlik om elders te studeer of werk ;
- Die ouderdomsgroep 30 tot 34 is die grootste ouderdomsgroep met aanmerklik meer manlik as vroulik;
- Die Provinsiale Tesourie wys verder daarop dat slegs 5,9% van die inwoners van die munisipale gebied bejaard is, maar daar word verwag dat bejaardes teen 2015 tot 6,6% van die bevolking sal toeneem. Die enigste tehuis vir bejaardes in die munisipale gebied is in Piketberg met 'n dienssentrum vir bejaardes in Porterville;

Die implikasies van bovermelde is dat:


- (a) Die bevolking betreklik jonk en in die jare is waar fertilititeit hoog is. Die bevolkingsgroei sal dus voortgaan en druk op fasiliteite soos skole, gesondheidsdienste en behuising plaas;
- (b) Die groter aantal mans as dames in hul werkende jare (30 jaar en ouer) dui ook daarop dat 'n groot aantal mans in die munisipale gebied kom werk het en dat hul gesinne mettertyd sal volg. Dit mag verdere druk op die beskikbare behuisingsvoorraad plaas.

## 2.2.4 INDIENSNAME

Die bydrae van verskillende sektore van die ekonomie tot die bruto geografiese produk van die munisipale gebied word in figuur 2.3 aangedui.

**FIGUUR 2.3: BYDRAE TOT BRUTO GEOGRAFIESE PRODUK DEUR VERSKILLENDE EKONOMIESE SEKTORE 1995 EN 2005**

Figure 2: Bergrivier LM sector contribution to GDP, 1995 & 2005



Source: Western Cape Provincial Treasury calculations. Quantec Research 2007

Die dominansie van die landboubedryf, wat 34.4% van die munisipale gebied se produksie lewer, is opmerklik. Dit verklaar ook die groot landelike bevolking. Daar is reeds in die vorige verslag bevind dat plaaswerkers, wat in die verskillende dorpe woon, na die plase pendel.

## 2.2.5 INKOMSTEGROEPE

Tabel 2.3 dui die huishoudelik inkomste in 2001 aan.

TABEL 2.3: HUISHOUDELIKE INKOMSTE, 2001		
Household Income	2001	%
No Income	509	3.81%
R1 - R4 800	334	2.50%
R4 801 - R 9 600	2955	22.12%
R9 601 - R 19 200	2768	20.72%
R19 201 - R 38 400	3204	23.99%
R38 401 - R 76 800	1967	14.73%
R76 801 - R153 600	973	7.28%
R153601-R307200	422	3.16%
R307201-R614400	84	0.63%
R614401-R1228800	29	0.22%
R1228801-R2457600	25	0.19%
R2 457 601 , more	16	0.12%
Not Applicable	70	0.52%
<b>Total</b>	<b>13366</b>	<b>100.00%</b>

Bron: Sentrale Statistiekdiens

Uit tabel 2.3 is dit duidelik dat 3,698 families of 28.4% van alle families 'n inkomste van minder as R9,600 per jaar, dit wil sê R800 per maand verdien het in 2001. Nog 20.72% van alle families het 'n inkomste van minder as R19,200 per jaar, dit wil sê R1,600 per maand verdien. Daar was 509 families wat geen inkomste verdien het nie. Tabel 2.4 toon aan dat daar 1,620 werklose persone binne die munisipale gebied was in 2001.

TABEL 2.4: INDIENSNAME, 2001		
Employment Status	2001	Percentage
Employed	19,804	63.05%
Unemployed	1,620	5.16%
Not Econom Active	9,988	31.80%
<b>Total</b>	<b>31,412</b>	<b>100.00%</b>

Bron: Sentrale Statistiekdiens

## 2.2.6 GESTREMDES

Die aantal inwoners met gestremde hede word in tabel 2.5 aangedui. Daar is nie spesifieke huisvesting vir gestremdes nie, maar die feit dat daar 719 persone (1.55% van die bevolking) is wat fisies gestremd is, onderstreep dat voorsiening, waar moontlik, gemaak behoort te word vir behuising wat toeganklik vir rolstoele is en dat ander fasiliteite vir gestremdes, waar nodig aangebring moet word.

TABEL 2.5 GESTREMDHEDE		
Disabilities	2001	Percentage
No disability	44244	95.52%
Sight	274	0.59%
Hearing	347	0.75%
Communication	65	0.14%
Physical	719	1.55%
Intellectual	180	0.39%
Emotional	265	0.57%
Multiple	225	0.49%
TOTAL	46320	100.00%

Bron: Sentrale Statistiekdiens

## 2.3 BEVOLKINGSPROJEKSIES EN GROEIKOERS IN BEHUISINGSGATERSTAND

Volgens bladsy 120 van die Profiel van die Weskus Distriksmunisipaliteit (Bergrivier Munisipaliteit) (2007), opgestel deur die Provinsiale Tesourie word die bevolking van Bergrivier Munisipaliteit soos volg beraam:

2001 Sensus	48 076
2007 (Beraming)	55 999
2015 (Projeksie)	66 930

Daar word verwag dat die bevolking van die munisipale gebied vanaf 2007 tot 2015 met ongeveer 2.6% per jaar sal toeneem. Daar word verder aanvaar dat die behuisingsbehoefte teen dieselfde koers sal toeneem. Die groot aantal manlike persone in hul werkende jare en die relatiewe jong bevolking dui aan dat die vraag na behuising nie op die middel en selfs op die lang termyn sal afneem nie.

Op bladsy 28 van volume 1 van die ROR word gesê: "...bevolkingskonsentrasies in die gebied word direk en indirek beïnvloed deur:

- die verspreiding van werksgeleenthede binne die gebied en
- die gewildheid van dele van die gebied as aftree- en vakansiebestemming vir permanente en nie-permanente inwoners.

Hierdie faktore dra daartoe by dat dorpe soos Piketberg en Porterville hoër permanente inwonertalle het as byvoorbeeld die kusgebied waar groot hoeveelhede nie-permanente inwoners (vakansiegangers) woonagtig is. Dienooreenkomstig het Laaipek ook 'n meer gevestigde inwonertal vanweë die visbedryf in die dorp."

## 2.4 WAGLYSTE VIR BEHUISING

Die Munisipaliteit hou 'n behuisingswaglys vir elke dorp in die munisipale gebied. Die aantal huishoudings op die waglys, soos in Oktober 2007, word in tabel 2.6 opgesom.

TABEL 2.6: AANTAL PERSONE OP BEHUISINGSWAGLYS, 2007	
DORP	TOTAAL
Aurora	56
Fondekull	70
Goedverwacht	0
Piketberg	1 182
Porterville	613
Velddrif	338
Witewater	0
Redelinghuys	102
<b>TOTAAL</b>	<b>2 341</b>

Bron: Munisipaliteit Bergrivier

## 2.5 OPENBARE DEELNAME WERKSWINKELS

Die openbare deelname proses is in paragraaf 1.5 bespreek.

Kommentaar en/of deelname is op die volgende versoek:

- Waglys – die publiek moet seker maak dat hulle name op die waglys is;
- "GAP" behuising word beoog vir mense wat meer as R3,500 per maand verdien. 'n Aparte opname sal later gemaak word om te bepaal wie daarin belangstel. Die publiek word uitgenooi om dan te reageer;
- Waar dink u kan huise in toekoms gebou word?
- Tipe behuising behalwe GAP en subsidie behuising – is daar behoefte aan gehuurde eenhede / fasiliteite vir bejaardes of ander tipes behuising?
- Kriteria vir toekenning van subsidie huise
- Enige ander voorstelle?

Die kommentaar wat ontvang is, was soos volg:

## 2.5.1 PORTERVILLE

### 2.5.1.1 KRITERIA VIR TOEKENNING VAN HUISE

Voorkeur behoort gegee te word aan:

- Mense wat in agterplaas strukture (hokke) bly;
- Gevalle waar daar meer as een gesin in een huis woon;
- Mense wat op plase woon behoort ook in ag geneem te word vir die toekenning van huise;
- Die tydperk op die waglys is wel 'n oorweging, maar die tydperk wat die aansoeker al in die munisipale gebied woon behoort ook in ag geneem te word;
- Gesinne behoort voorkeur bo enkel persone te kry;
- Raadslede en amptenare mag nie voorkeur aan familie of vriende gee nie en nepotisme mag nie geduld word nie;
- Opnames behoort deur die munisipaliteit gedoen te word oor hoeveel mense in agterplaas strukture woon en plaaslike mense kan gebruik word om sodanige opnames te maak.

### 2.5.1.2 BESKIKBARE GROND

- Porterville het baie groot erwe wat onderverdeel kan word vir die skep van addisionele erwe;
- Benewens water moet na die beskikbaarheid van alle grootmaatsdienste in Porterville gekyk te word en seker gemaak te word dat elektrisiteit, riolering, toegangspaaie in plek is;
- As die asgate verskuif word kan daar addisionele erwe in die omgewing van Ottostraat voorsien word;
- Die grond wat in die ROR (Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk) vir aankoop aangedui is, behoort so gou moontlik aangekoop te word;
- Die grond in 3.2.4 hierbo behoort gekoop en nie geruil te word vir ander munisipale grond nie, want genoemde grond kan later vir ander munisipale fasiliteite gebruik word;
- Grond in die omgewing van die kwekery en die gholfbaan word bespreek, maar raadslid Liebenberg dui aan dat dit privaat eiendom is wat ook maar aangekoop sal moet word;
- Die grond wat aangekoop word moet groot genoeg vir toekomstige behoeftes wees en minstens 800 huise moet daarop gebou kan word.

### 2.5.1.3 ONTWERP VAN HUISE

- Huise behoort so ontwerp te word dat dit nie sal oorstrom wanneer daar sterk reëns voorkom nie. Waar moontlik moet huise bo die straatvlak geleë wees sodat stormwater nie uit die straat in die huise loop nie en stormwaterstelsels moet voldoende wees;
- Huise moet nie op laag geleë erwe gebou word nie en fundamente moet hoër as die pad oppervlakte wees.

#### 2.5.1.4 ANDER INSETTE

- Boere koop huise in die behuisingskemas, wat later in die mark kom, om hul plaaswerkers in te huisves. Alhoewel plaaswerkers op huise geregtig behoort te wees, was dit nie die bedoeling van lae koste behuising dat werkgewers dit later bekom nie, maar wel die inwoners;
- Daar behoort 'n voorkoop reg te wees met betrekking tot skema huise sodat die begunstigde; dit nie binne 'n tydperk (sê 5 jaar) kan verkoop nie;

#### 2.5.2 PIKETBERG

##### 2.5.2.1 KRITERIA VIR TOEKENNING VAN HUISE

- Plaaslike mense, wat al lank in Piketberg woon, moet voorkeur kry bo persone wat slegs kort tyd in gebied woon;
- Die tydperk wat die persoon op die waglys is, moet in ag geneem word;
- Daar is gerugte dat elke politieke party 'n aantal huise kry om toe te ken. Dit is egter onwaar;

##### 2.5.2.2 BESKIKBARE GROND

- Grond moet, indien nodig onteien word om huise te bou;
- Grond van Mnr Liebenberg is geskik;
- Die grond oorkant Reinders Store kan aangewend word vir behuising;
- Bokant die skouterrein kan ook oorweeg word;
- Grond in Gousblomstraat;
- Grond wat beskikbaar sou wees by die einde van die beboude gebied (dorpsente);
- Daar was ook onderhandelinge om grond van Mnr Eksteen te koop.

##### 2.5.2.3 ONTWERP VAN HUISE

- Huise moet so ontwerp word dat die vloervlak bo die watervlak is wanneer dit sterk reën en stormwaterdreinerings moet voldoende wees;
- Die rioolwerke moet aangepas, of uitgebrei word indien nodig, om voorsiening vir die addisionele huise te maak.

##### 2.5.2.4 ANDER INSETTE

- Wanneer die ouers in wie se name die huise geregistreer is sterf, ondervind die kinders groot probleme om die huise op hul name geregistreer te kry. (Daar is soms nie testamente om aan te dui in wie se name dit geregistreer moet word nie.) Die Munisipaliteit verwys die mense na hul prokureurs, maar die mense verstaan nie die proses nie;
- Daar behoort in die beleid voorsiening gemaak te word dat mense hul huise behoorlik moet onderhou en dit nie mag verniel nie;
- Mense verstaan nie die konsepte wat gevolg moet word wanneer huise verkoop word en hoe grond oorgedra moet word nie;

#### 2.5.3 VELDDRIF

### 2.5.3.1 KRITERIA VIR TOEKENNING VAN HUISE

- Daar is ook behoefte aan eenhede vir bejaardes in Velddrif. Eenhede spesifiek vir bejaardes kan in een gebied gebou word;

### 2.5.3.2 BESKIKBARE GROND

Die publiek dui aan dat die volgende terreine ook vir behuising ondersoek behoort te word:

- Die Provinsiale Departement van Onderwys het grond by Port Owen asook in die omgewing van die gholfbaan. Beide hierdie stukke grond is geskik vir behuising;
- Die oop ruimte in die omgewing van die tweede ingang na Port Owen;
- Die grond in die omgewing van die Velddrif gemeenskapsaal bekend as die African Inshore Fisheries (AIF) Terrein. Mense wat voorheen in hierdie omgewing gebly het, is na Noordhoek verskuif en ter wille van verdigting en vir histories/sentrale redes kan die beskikbaarstelling daarvan van groot waarde wees. Dit kan ook aangewend word om integrasie te bevorder omdat daar mense van alle rasgroepe is wat behuising benodig;
- Die "Veldpark" ontwikkeling waar beide die munisipaliteit en die staat oor gedeeltes grond beskik kan oorweeg word.

### 2.5.3.3 ANDER INSETTE

- Toeganklikheid na die see is 'n saak van groot erns vir die gemeenskap. Almal wil graag die genot van die kus hê.

## 2.6 TOEKOMSTIGE BEHUISINGSBEHOEFTE

Daar word aanvaar dat die bevolking van Bergrivier, soos beraam in paragraaf 2.3 teen ongeveer 2,6% per jaar sal toeneem. Die projeksie in tabel 2.7 is op hierdie veronderstelling uit die data op die behuisingwaglys (tabel 3) opgestel vir die 10 jaar tydperk 2007 tot 2017.

JAAR	2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017
Aurora	56	57	59	60	62	64	65	67	69	71	72
Fendekull	70	72	74	76	78	80	82	84	86	88	90
Piketberg	1162	1192	1223	1255	1288	1321	1355	1391	1427	1464	1502
Porterville	613	629	645	662	679	697	715	734	753	772	792
Velddrif	338	347	356	365	375	384	394	405	415	426	437
Redelinghuys	102	105	107	110	113	116	119	122	125	129	132
	<b>2341</b>	<b>2402</b>	<b>2464</b>	<b>2528</b>	<b>2594</b>	<b>2662</b>	<b>2731</b>	<b>2802</b>	<b>2875</b>	<b>2949</b>	<b>3026</b>

Indien die munisipaliteit dus die behuisingnood binne 5 jaar (d.w.s. teen 2013) sou wou uitwis, sal daar jaarliks minstens 546 huise gebou moet word.

'n Teiken van minstens 550 huise per jaar word dus voorgestel, waarna die tempo herevalueer kan word. Hierdie teiken moet, in terme van die GOP tussen die verskillende dorpe geroteer word, maar praktiese sake soos die volgende, mag die proses vertraag:

- Die vereistes oor die stedelike rand en verdigting, wat deur die Provinsiale Administrasie Wes-Kaap gestel word. Rode en Genote is aangestel om voorstelle in hierdie verband op te stel en die finale voorstelle in hierdie verslag sal vooraf met hul gekonsulteer word;
- Gemeenskapsdeelname soos in wetgewing vereis;
- Die onderhandeling oor en die aankoop van geskikte grond;
- Die nodige beplanninggoedkeurings, hersonerings en omgewingsimpakstudies;
- Die opmeting van die grond en die aanlê van infrastruktuur.

Prosesse soos hierbo uiteengesit kan projekte soms met jare vertraag en praktiese oorwegings sal dus die tempo en prioriteite beïnvloed. Dit word in die behuisingsprogram aan die einde van hierdie verslag ingebou.

## 2.7 SOORTE BEHUISING

In die vorige verslag is die volgende tipes behuising geïdentifiseer:

- Huurskemas;
- Selfbou;
- Eienaar-bouers;
- Huisvesting vir pensioenarisse
- Subsidiebehuising

Bovermelde klassifikasie is vir praktiese doeleindes, vir die doel van hierdie ondersoek soos volg herklassifiseer. Daar mag binne 'n spesifieke groep verskillende tipes oplossings bestaan:

- Gesubsidieerde behuising (heel laagste inkomstegroepe);
- "GAP Housing" – vir die inkomstegroep wat meer as R3,500 per maand verdien, maar wat nie in die ope mark vir huisvesting kan meeding nie en wat nie op die normale maniere (verbande by finansiële instellings) finansiering kan kry nie;
- Gehuurde behuising ook bekend as sosiale behuising;
- Ekonomiese behuising (Mense wat in hul eie behoeftes voorsien);
- Spesiale Behuising (Byvoorbeeld Bejaardes of Gestremdes).